

27 Junie

Skrifgedeelte: Nehemia 7:73-8:19

Fokusgedeelte: Nehemia 8:4

Die fees van die Woord

Die geestelike opbou van Jerusalem het voortgegaan deur die Woord van God. Op die Joodse nuwejaarsdag was almal in Jerusalem saamgetrek. Dit was 'n feestelikeheid omdat die stad se mure herbou was, die volk veilig en die vyande se teenstand oorwin is. Die Here het hulle waarlik tot hiertoe geseën.

Die fees begin deur eers na God se wil te vra. Esra het koers aangedui uit die wet van die Here. dit was 'n aangrypende gesig. Op die plein voor die Waterpoort staan kinders en grootmense bankvas. In die middel was 'n verhoog. Esra staan op en die hele volk kom op die been. Hy prys die Here en almal antwoord: "Amen, Amen". Die gemeente kniel en buig diep voor die Here. 'n Halwe dag lank word aandagtig geluister hoe Esra en die Leviete die wet verduidelik. So diep tref die eise van die wet wat hulle vir jare nie gehoor het nie, dat hulle hartseer word. Maar die geestelike leiers konsentreer nie op hulle sondeskuld nie. Nee, dis eers 'n feesdag waarop die beskutting van God oor sy volk onthou word. Met kos en drank is feesgevier. Hierna is ook die huttefees gevier om die volk te herinner aan die woestynreis en God se beskerming.

Feestelikhede sonder God en sy Woord ontspoor tot 'n fees ter wille van die ete en drinke. Blydskap oor die beskutting van die Here verdiep egter tot 'n dankfees vir die Here. Ja, kinders van die Here moet feesvier. Maar laat dit altyd 'n fees wees waarop die Woord van die Here gehoor en gehoorsaam word.

Sing: Psalm 118:12

Dr WC Opperman (Windhoek-Suid)